

7

DIE BYBEL

Die Bybel is my leerboek

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet God gebruik die Bybel om ons reg te laat lewe.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- God het die Bybel gegee om hulle reg te laat lewe.
- hulle moet gereeld Bybel lees.
- dit is goed om te doen wat in die Bybel staan.
- dit is nadelig om nie te doen wat in die Bybel staan.

Gesindheid

Die kinders moet –

- bly wees dat hulle 'n Bybel het.
- lief wees vir die Bybel.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- in staat wees om op te noem wanneer hulle die Bybel behoort te lees.
- gewoond daaraan raak om gereeld Bybel te lees.

MEER INLIGTING (Psalm 119: 9-16; Matteus 7: 24-28)

Die Bybel word die Woord van God genoem, omdat dit God se boek of brief is wat Hy vir ons geskryf het. God praat met ons deur die Bybel. Maar hoe? Van die begin af het God met mense gepraat. In die Ou Testament lees ons God het met Adam, Noag, Abraham, Isak, Jakob, Moses,

Samuel, Dawid en baie ander gepraat. In die Nuwe Testament het Jesus, wat self God is, met ons kom praat. Ons sê ook God het deur Jesus aan ons kom wys wat sy wil is. Ons glo dat alles wat God in die tyd van die Ou en die Nuwe Testament vir ons wou sê, opgeteken is in die Bybel.

God het nie die Bybel met sy eie hand geskryf nie. Hy het verskillende mense gelei en gehelp om dit te skryf. In daardie tyd het hulle nie in boeke geskryf nie, maar op plat klippe, op papyrus – wat hulle van 'n soort plant gemaak het – en dierevelle. Van toe af het mense die Bybel oorgeskryf. Later, toe daar tikmasjiene en rekenaars gekom het, is dit oorgetik en dan gedruk sodat meer mense 'n Bybel kon kry. Slim mense het ook die Bybel in verskillende tale oorgeskryf. Al lyk die Bybel soos een baie dik boek, is dit nie net een boek nie maar 'n hele biblioteek van 66 boeke wat in een boek saamgebind is. Ons glo die Bybel is die waarheid omdat ons glo God praat daarin met ons.

Omdat ons God se kinders is, moet ons elke dag uit die Bybel lees. God gebruik veral ook ons ouers, predikante, kategete en onderwysers om die Bybel vir ons duidelik te maak en ons na Hom en ons medemens te lei.

Kom ons kyk nou na die belangrikste sake wat God vir ons deur middel van die Bybel wil leer:

- Hy wil ons leer dat Hy alles goed gemaak het en dat Hy sorg vir alles – ook vir jou.
- God wil met die Bybel vir ons leer dat Hy baie lief is vir ons en dat ons sy kinders is.
- God leer ons in die Bybel dat ons almal sondaars is (dat ons dinge doen waarvan Hy nie hou nie), maar dat Hy ons vergewe het deur Jesus Christus.
- Die Bybel leer ons hoe ons God en ons medemens moet liefhê.
- Die Bybel leer ons van die goeie dinge wat ons moet doen en die slegte wat ons nie moet doen nie.

AANBIEDING

Jy het nodig

Plakkers met Psalm 119: 9 daarop vir elke kind, so groot soos die raampie in hul boek – een derde van 'n A4.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 528: 1-2 as gebed.

*Leer my u wil, Heer, u doel met my –
U, Pottebakker, met my, die klei.
Vorm my en maak my volgens u wil;
op U vertrou ek, nederig stil.*

*Leer my u wil, Heer, u plan vir my;
laat ek nie doelloos, nutteloos bly.
Hou my erkentlik, Heer, in u werk:
As ek dan swak is, maak U my sterk. Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

Alles is reeds hersien tot by Les 5.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Gesels met die kinders oor wie nog gereeld hul Bybels by die huis lees: Wie lees dit vir hulle, wanneer lees hulle, ensovoorts. Moenie veroordelend of verwytend wees nie, maar gee voor dat jy net vir interessantheid sou wou weet hoe dit in elkeen se huis werk. Vra hoekom hulle dink 'n mens Bybel behoort te lees.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel kortliks die geskiedenis van die Bybel.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by hulle in:

- Die Bybel is die waarheid, want God praat daarin met ons.
- Ons moet elke dag uit die Bybel lees.
- God gebruik ons ouers, predikante, kategete en onderwysers om die Bybel vir ons duidelik te maak.
- Die Bybel leer ons dat God alles gemaak het en alles versorg.
- God leer ons deur die Bybel dat Hy lief is vir ons en dat Hy ons ook versorg.
- God leer ons in die Bybel dat ons almal sondaars is.
- God leer ons ook dat Hy ons vergewe het deur Jesus Christus.
- Die Bybel leer ons hoe ons God en ons medemens moet liefhê.
- Die Bybel leer ons goeie dinge wat ons gelukkig maak.
- As ons nie die Bybel gereeld gebruik nie, gaan ons dinge doen wat ons en ander seer en ongelukkig maak.

IETS OM TE DOEN

Wys die kinders die kerkgebou. Laat hulle aan die fondasie en mure voel. Laat hulle probeer om dit om te stoot. Vertel hulle dat harde klippe en sement wat hard word en stene wat hard gebak word, gebruik is om die gebou op te rig. Dit maak die gebou baie sterk.

Verduidelik dan dat iemand wat gereeld die Bybel gebruik, soos die sterk fondasie en muur is wat nie maklik omgegooi kan word nie. As 'n mens die Bybel reg gebruik, gaan jy normaalweg nie verkeerde en slegte dinge doen nie. Dan sal jy sterk wees en *nee sê* vir slegte en verkeerde dinge, want dan luister jy na die Here. Die Here leer ons in die Bybel watter dinge 'n mens gelukkig maak en watter dinge ons ongelukkig maak. As ons nie die Bybel gereeld gebruik nie, gaan ons maklik die dinge doen wat seer en ongelukkig maak.

Julle kan teruggaan klas toe of die les buite verder hanteer.

- Gee vir elke kind 'n plakker met Psalm 119: 9 daarop: *Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!*

- Laat hulle die woorde opsê. Maak seker dat hulle dit verstaan.
- Laat hulle dit in hul boeke plak in die ruimte daarvoor geskep.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat hulle hul ouers vra om hulle te help dink wanneer (tyd en plek) om Bybel te lees en dit neer te skryf.
- Laat hulle die volgende gaan invul: *Ek gaan gewoon raak daaraan om my Bybel te lees. (gereeld)*

Leer

- Laat hulle Psalm 119: 9 gaan leer: *Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!*
- Laat hulle die volgende feite gaan leer:
 - Die Bybel is die waarheid, want God praat daarin met ons.
 - Ons moet elke dag uit die Bybel lees.
 - God gebruik ons ouers, predikante, kategete en onderwysers om die Bybel vir ons duidelik te maak.
 - Die Bybel leer ons dat God alles gemaak het en alles versorg.
 - God leer ons deur die Bybel dat Hy lief is vir ons en dat Hy ons ook versorg.
 - God leer ons in die Bybel dat ons almal sondaars is.
 - God leer ons ook dat Hy ons vergewe het deur Jesus Christus.
 - Die Bybel leer ons hoe ons God en ons medemens moet liefhê.
 - Die Bybel leer ons goeie dinge wat ons gelukkig maak.
 - As ons nie die Bybel gereeld gebruik nie, gaan ons dinge doen wat ons en ander seer en ongelukkig maak.

AFSLUITING

Sing Gesang 553 of lees die woorde, en sluit dan af met gebed.

*Ek is bly ek ken vir Jesus; ek is bly ek is sy kind.
 En ek bly my hele lewe aan die Here vasgebind.
 Ek is bly ek het 'n Bybel dat ek elke dag kan lees –
 kinders van die Here het niks om voor bang te wees,
 kinders van die Here het niks om voor bang te wees.*

Belangrik:

Besluit betyds wie volgende week se faseles aanbied.